

25 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 27:1-14

Fokusgedeelte: Psalm 27:1, 2

My lewe is in God se hand

Korrupsie, wetteloosheid, regstellende aksie, swak dienslewering, hoë pryse, stakings, misdaad, moord en verkragtigs maak jou bang. Toe Dawid deur Absalom vervolg was, was hy seker dat die Here sy lig en redder is. Hy was nie bang nie, want sy lewe was in God se hand. Hy sou hom nooit verlaat nie.

Wat moet jy doen as dit donker word in jou siel? Vertrou op die Here (vs 14). Wees sterk en hou goeie moed, want Hy gee bo-menslike krag. Jesus Christus het die bangwees vir jou oorwin. Deur sy Gees en Woord werk Hy vertrou in jou hart dat God jou nooit sal verlaat nie. Die Heilige Gees laat jou veilig voel ten spyte van gevare.

Selfs in die aangesig van die dood is jou lewe veilig in sy hande. Alles kan van jou weggevat word behalwe jou geloof en gebed. Bid en glo, ja vertrou. Hy luister en antwoord, selfs al neem Hy nie jou probleme of bedreiging weg nie. Die Heilige Gees help jou om versoekings soos negatiewe gedagtes, twyfel, angs en bangwees te weerstaan.

In sy almag en liefde het God jou al deur donker krisisse gedra, vertrous en versterk. As jy nie geglo het nie, sou jy dit sekerlik nie gemaak het nie ...

God is lig – daar is geen duisternis in Hom nie (1 Joh 1:5). Hoe donkerder dit word, hoe nader en helderder is die lig. Fokus op Hom alleen. Hoe magteloser en benouder jy voel, hoe nader is jou redding. In sy lig verdwyn alle vrees, want jou lewe is in sy hand.

Sing: Psalm 27:1, 3, 4 en 6 (1936-beryming)

Ds WP van der Merwe (Barkly-Oos/Maclear/Elliot)